

### Reinaard die vos. 'n Vrye vertaling van *Van den vos Reynaerde*.

H. J. Pieterse.

Pretoria: Protea Boekhuis, 2023. 180 pp.

ISBN 97814853148301.

Goeie nuus vir die Suider-Afrikaanse Neerlandistiek, komparatisme en literêre vertaalkunde is die publikasie van hierdie nuwe Afrikaanse vertaling van *Van den vos Reynaerde*, in dieselfde jaar as wat Frits van Oostrom se *De Reynaert: Leven met een middeleeuws meesterwerk* verskyn en net tien jaar ná *Reinaard die vos*, Daniel Hugo se vertaling van die 2006-prosavertaling deur Henri van Daele. Van Daele se vertaling bevat sowel die dertiende-eeuse weergawe van Willem (wat Madocke/baie boeke gemaak het) as *Reinaert II* (meer onlangs bekend as *Reynaerts historie*), wat ongeveer anderhalf eeu later verskyn en die verhaal van Reinaert verder vertel, wel met heelwat doeblering uit die eerste; hierdie teks is lank as minderwaardig beskou, maar daar is reserwêre wel sprake van herwaardering in die literêre kritiek (Van Coller 49). Pieterse vertaal slegs die ouer weergawe, en benut as bronteks die Comburgse manuskrip wat ongeveer 25 jaar na die enigste ander volledige (maar nie-identiese) manuskrip, die Dyckse Handskrif uit ca. 1375, verskyn.

Pieterse wys in die vertalersnota daarop dat dit sedert sy honneursjaar in 1983, as student van Heinrich Ohlhoff in die Middelnederlands-klas, sy ideaal was om *Van den vos Reynaerde* te vertaal. Tydens die eerste COVID-19-grendeltyd in 2020 het die werk hieraan 'n aanvang geneem: eers het hy 'n "letterlike, reël-vir-reël vertaling" (49) gemaak, waarna hy die teks berym het; die aandag het vervolgens na die metries-ritmiese verskuif. Naas hierdie blik op die ontstaansgeskiedenis van die vertaling, bespreek Pieterse ook sy vertalersbenadering met verwysing na bestaande vertalings en onlangse *Reinaard*-navorsing. In hierdie verband beklemtoon hy teen die agtergrond van Lawrence Venuti se konsepte "verinheemings" en "vervreemding" dat hy gekies het

ten gunste van 'n vervreemdende aanpak waardeur die leser juis na die vreemde en die anderse gestuur word, in kontras met Eitemal wat in sy vertaling die teks byna volkome verinheems en te ver gaan in die rigting van die boertige—waardeur die hoofse sfeer nie genoegsaam bewaar word nie. Hy identifiseer ook van die belangrikste algemene uitdagings waarmee hy te kampe gehad het om 'n berymde Afrikaanse weergawe daar te stel, bv. die woordorde van die bronteks wat in Afrikaans argates klink; die Afrikaanse verledetydvorm wat nie direk korreleer met dié in Nederlands nie en dikwels ter wille van rym die enjambemering van "het" genoodsaak het, net soos die tweede "nie" in die geval van dubbele negering dikwels na die volgende versreël moes skuif; die hoofse inslag van die bronteks wat deur leksikale vertaalkeuses gereflekteer moes word.

Die vertaling self word deur Pieterse van talryke voetnotas voorsien waarin hyspesifieke vertaalkwessies op die voorgrond stel, in baie gevalle met verwysing na perspektiewe uit, onder meer, navorsingstekste en inleidings by bestaande vertalings; voorts word relevante kontekstuele toeligting verskaf, soms met terugkoppeling na die inleiding van 46 bladsye geskryf deur die mentorsfiguur Ohlhoff.

Die inleiding van Ohlhoff dien as nuttige oriëntasie vir die leser: Tersaaklike inligting oor die herkoms en manuskripgeskiedenis van *Van den vos Reynaerde* word verskaf; die teks word gesitueer in tersaaklike letterkundige en sosiohistoriese kontekste; en kardinale literêre aspekte van die teksgegewe word belig (ook sake soos die basiese verhaal, karakters en ruimte ontvang aandag). Daar word ook besin oor waarde en eietydse relevansie.

Pieterse—ervare akademikus en bekroonde Afrikaanse skrywer—het twee vertalings op sy kerfstok: mees onlangs, in 2018, 'n vertaling van 'n keur uit die poësie van Michel Houellebecq en in 2007 Rainer Maria Rilke se *Duino-elegieë* (2007) waarvoor hy 'n Akademieprys vir Vertaalde Werk ontvang. Hy was ook eindredakteur van John Boje se 'n *Keur uit die pelgrimsverhale van Geoffrey Chaucer* (1989) wat met dieselfde prys bekroon is.

Om 'n Middeleeuse epiese gedig na Afrikaans te vertaal, is 'n uitdagende taak: nie net is daar groot verskille ten opsigte van verwagtingshorison nie, maar ook is die doeltaal nog verder verwyder van Middelnederlands as moderne Nederlands, waardeur die onderneming om 'n berymde weergawe te skep wat boonop min of meer 'n vierheffingsversreël volhou, nog veeleisender word. Dit is prysenswaardig dat Pieterse hierdie besondere uitdaging aanvaar het.

Ten einde die geslaagdheid van Pieterse se vertaling te beoordeel, rig ek my aan Arjaan van Nimwegen se bekende moderne Nederlandse vertaling uit 1979 en sy inleiding by daardie vertaling. Hy het nie slegs die ouer weergawe van Willem vertaal nie maar ook die latere *Reinearts geschiedenis* (*Reinaert II*). Vir die doel van hierdie resensie is die vertaling van eersgenoemde, wat ek trouens al baie jare in my onderrig benut, en Van Nimwegen se vertalersperspektiewe van spesifieke belang. Hy stel dat die doel van hierdie vertaling is om “een zo ombelemmerd mogelijk uitzicht” (12) op die oorspronklike tekste te bied, en hy maak duidelik dat die keuse vir ’n versvertaling by die ouer teks en nie by *Reinaert II* nie saamhang “met de poëtische kwaliteiten van Willems werk [...] Een prozavertaling, hoe exact ook, kan nooit volledig recht doen aan die literaire waarde van *Van den vos Reinaerde*” (Van Nimwegen 12). Teen die agtergrond van ’n viertal besware teen bestaande vertalings sit Van Nimwegen sy doelstellings uiteen. Eerstens wil hy ’n volledige, ongeparafraseerde weergawe produseer wat per versreël dieselfde inligting verskaf as die oorspronklike. Tweedens wil hy in hedendaagse Nederlands skryf. Derdens wil hy ’n nie-metriese vertaling maak: “Het ritme van het 13e-eeuwse Nederlands benaderen is geen sinecure, en het zo simpel lijkende drie- en vier-heffingenvers verschaft ons, rijmvoetentellers van huis uit, heel wat worstelingen met de versboeien” (Van Nimwegen 12). Ten slotte spreek die vertaler sy afkeur uit van vertalings wat deur die taalgebruik ’n te “folkloristiese karakter” aan te teks verleen en stel hom dit ten doel om “Willems idioom in zijn tijd” (Van Nimwegen 12) voor oë te hou.

Dit blyk dat die vertalingsaanpak wat Pieterse en Van Nimwegen onderskeidelik uiteensit in wesenlike opsigte korreleer. Die vraag is of Pieterse daarin slaag om uitvoering te gee aan dit wat hy homself ten doel stel en sodoende ook voldoen aan wat Van Nimwegen as belangrike oogmerk identifiseer, naamlik om ’n onbelemmerde uitsig op die bronteks te verskaf. Om Pieterse se weergawe sonder meer te meet aan die ligvoetig-sekure vertaling van Van Nimwegen, sou onregverdig wees weens die groter afstand tussen bron- en doeltteks by ’n omsetting na Afrikaans. Die perspektiewe wat Van Nimwegen op die vertaaltaak bied, vind ek egter verhelderend.

Daar kan aangevoer word dat die geslaagdheid van Pieterse se weergawe ongelyk is. Op sekere plekke, wat ek tydens die lees aangestip het, vloei die teks goed en word die inhoud helder oorgedra. Treffende vertaaloplossings kom voor, bv. die naam van Isingrijn die wolf wat as Ystergryns (van Ysegrims, betekende

“ystermasker”) weergegee word (vgl. Pieterse se voetnoot by versreël 62, p. 57). Oor die algemeen bly die leser egter te veel bewus van wat op die teksoppervlak aan die gebeur is. Om die rympatroon én metrum van hierdie bronteks te probeer behou, is dalk nie haalbaar nie. Dit kom my voor dat sommige konstruksies as gedwonge en omslagtig ervaar sou kon word, maar ’n uitgebreide, kundige analise van ’n voldoende steekproef vertaalkeuses sal noodsaaklik wees om met groter stelligheid hieroor gevolgtrekkings te maak. Ek gaan kortliks in op enkele moontlike vertaalprobleme.

Die hondjie Courtois sê vanaf reël 116 tot 121 die volgende:

Daardie wors was myne, al seur  
ek nie. Ek slaan deur my behendigheid ’n slag  
toe ek aangehardloop gekom het in die nag  
ter wille van buit by ’n meul,  
waarin ek die wors toe steel  
van ’n slapende meulenaar. (59–60)

In die inleidende vertalersnota dui Pieterse aan dat hy uitdagings wat die verledetydvorm opgewerp het soms met behulp van die historiese presens die hoof kon bied. In die aanhaling hierbo val die tweede voorkoms van historiese presens (“waarin ek die wors toe steel”) gaaf genoeg op die oor, maar die direkte opeenvolging van historiese presens en verledetyd in reëls 117–8 minder so (“Ek slaan deur my behendigheid ’n slag / toe ek aangehardloop gekom het”). Versreëls 1869–72 bevat nog ’n voorbeeld van ’n moeisame (verledetyd) konstruksie, naamlik “het mens nog nooit hoor hou [...]” (reël 1870):

Sulke skittende redevoerings  
het mens nog nooit hoor hou deur enige dier  
as wat nou die geval is hier  
tussen Reinaard en die ander diere nie. (123)

Die bronteks lees soos volg:

Nye hoerde man van dieren  
So scone tale, als nu es hier  
Tusschen Ryenaerde ende dandre dier,  
Voertbringhen [...] (Van Nimwegen 104)

Vergelyk Van Nimwegen (105) se vertaling van hierdie gedeelte:

Nergens werd meer welsprekendheid  
van dieren ooit gehoord dan hier  
tussen Rein en de andere dieren.

Nog ’n voorbeeld. Versreëls 827–9 in die bronteks lui:

Doe hi zijn wijf sach in die vliet,  
Doene luste hem langher niet  
Bruun te stekene no te slane. (Van Nimwegen 54)

Van Nimwegen (55) vertaal dit so:

Toen hij daar zijn vrouw zag drijven  
was de lust om Bruun te blijven  
slaan en steken hem vergaan.

Pieterse se weergawe bevat, waarskynlik ter wille van rym, die meer gesogte konstruksie “kon dit sy sin nie langer dien”:

Toe hy sy vrou so in die stroom sien,  
kon dit sy sin nie langer dien  
om Bruin te steek of te slaan nie (85)

’n Laaste voorbeeld. Reël 1966 in die bronteks, “Hine dede nye so lieve pine” (Van Nimwegen 108), vertaal Van Nimwegen (109) as “Nooit droeg hij zo graag een last”. Pieterse: “nog nooit het hy met meer genoeë moeite gehad / nie” (126). Leesbaarheid sowel as betekenis bly myns insiens meer as wenslik in “met meer genoeë moeite gehad” in die slag.

Dit gebeur egter ook dat ’n woordkeuse of stelwyse wat vreemd voorkom, by nadere insien die gevolg blyk te wees van getrouheid aan die bronteks. Vergelyk bv. reëls 398–9 wat die formulering “uit die getal” bevat:

Toe is een van my kinders gou deur moord  
uit die getal opgevreet.

Van Nimwegen (35) se weergawe lui:

En van mijn familieleden  
werd er al spoedig een gepakt.

Die bronteks lees:

Doe wart miere kindre saen  
Een ghepronden uten gethale. (Van Nimwegen 34)

Die vraag is egter of teksgetrouheid in so ’n geval behoort te seëvier bo ’n meer idiomatiese stelwyse.

Soos Ohlhoff in die inleiding aandui, het daar van *Van den vos Reynaerde* reeds talryke vertalings en navertellings asook verwerkings in verskillende media verskyn. Dat hierdie werk steeds relevant is, staan volgens my buite kyf: dit behoort tot die kategorie wêreldliteratuur, wat tans in die brandpunt van literêre belangstelling staan, en is ingebed in ’n ryk teksnetwerk wat terugreik na verre verledes van mondelinge oorvertelling; hierdie vos het in ons land hibried voortgeleef in die Jakkals- en-Wolfverhale, en is al in ’n gedig soos Opperman se “Vloervelletjie” in getransformeerde gedaante benut om magswanbalanse en daarmee gepaardgaande vergrype in die (post) koloniale konteks aan die kaak te stel—inderdaad, die magsverhoudinge van die destydse feodale/leenheerstelsel en die Kerk resoneer op verskeie maniere met verskynsels in die eietydse samelewing, en

in hierdie verband bly *Van den vos Reynaerde* as satiriese werk van blywende belang; die satiriese element is verweef met verskeie van die intrinsieke literêre kwaliteite van hierdie teks wat dit steeds besonder lees- en navorsingswaardig maak. Pieterse se besluit om ’n versvertaling daar te stel, kan in hierdie verband bemiddelend werk.

#### Geraadpleegde bronne

Van Coller, H. P. *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede*. Deel I. Van Schaik, 2019.  
Van Nimwegen, Arjaan. *Over de Vos Reynaert door Willem (die Madoc maakte) gevolgd door Reinaerts geschiedenis waarin zijn latere lotgevallen zijn opgetekend*. Spektrum, 1979.

**Phil van Schalkwyk**

**Phil.VanSchalkwyk@nwu.ac.za**

**Noordwes-Universiteit**

**Potchefstroom, Suid-Afrika**

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-4259-7074>

DOI: <https://doi.org/10.17159/tl.v61i1.18338>